

Ontmoeting 5

Die ballingskap

Kinders leer oor die ballingskap

Teks: 2 Konings 18: 9–12 en Jeremia 52:1–14

Hulpmiddels:

- Blokkies soos Jenga of boksies wat op mekaar gepak kan word
- Kaart van die 2 ryke, Israel en Juda, en die plekke waarheen hulle weggevoer is
- Die woorde van die “Shema” en die voorgestelde weergawe van Johannes 10 op ’n plakkaat of in ’n aanbidding
- Papier en kryte
- ’n Legkaart van die kaart



Welkom

“Musical chairs” of “fruit salad”, maar elke keer as iemand uitval moet hulle iewers alleen in ’n hoekie of op ’n stoeltjie gaan sit. Vra ná die speletjie hoe dit vir hulle gevoel het om in die hoekie of op die stoel te moet sit. Dis regtig nie lekker nie. Vandag gaan ons die stories lees van mense wat ook so gevoel het. Bevestig eers aan die kinders dat hulle kosbaar en spesiaal is en dat julle hulle glad nie wil uitstoot nie.

Speletjie 2: Deel die groep in twee en gee vir elke groep ’n leier. Hulle moet ’n unieke fluit of roep uitwerk. Laat hulle nou met ’n bal speel, maar wanneer hulle hul unieke fluit hoor, moet hulle alles los en so vinnig moontlik aan hulle leier kom raak voor hulle weer kan gaan speel. Doen dit ongeveer 3 maal.



Wyding

Stilwoord-ritueel: Laat die kinders hul oë toemaak. Laat hulle kyk na die donker en lig patrone binne hul ooglede. Sê na 10 tellings in ’n rustige stem (terwyl hul oë toebly): “God se lig skyn altyd oor jou, of dit donker of lig in jou lewe is. Vra God om die donker dinge in jou lewe vir jou te wys en jou te help om dit weg te neem.” Wag nog ’n paar tellings en sê dan: “Amen.”



Woord

(Pak voor die tyd twee “mure” met Jenga-blokkies of boksies om die 2 ryke voor te stel.)

Julle sal onthou dat die swak besluite van koning Rehabeam veroorsaak het dat die koninkryk in twee verdeel het, naamlik die Noordelike ryk (Israel) en die Suidelike ryk (Juda). *(Wys na die twee “mure” wanneer jy van die twee ryke vertel.)* Die Noordelike ryk se hoofstad was Samaria en die Suidelike ryk se hoofstad was Jerusalem. *(Wys die twee ryke en hul hoofstede op die kaart.)*

Lees 2 Konings 18: 9–12 en Jeremia 52:1–14.

Die verhale vertel dat beide die Noordelike en die Suidelike ryke deur ander volke verslaan en weggevat is na ander lande. Dit is wat die woord ‘ballingskap’ beteken. Ballinge is ’n ander woord vir slawe. Jy hoort nie in daardie land

nie en jy is 'n slaaf van die mense wat daar bly. *(Terwyl jy die volgende deel vertel, haal stadig die een boks (blokkie) na die ander van die "muur" af om voor te stel hoe hulle weggevoer is. Begin deur eers net die "muur" wat die Noordelike ryk voorstel, af te pak.)*

Die Noordelike ryk is eerste in 722 vC deur die Assiriërs verslaan. Hulle koning was koning Salmaneser. Hulle is weggeneem na Assirië en net 'n paar vlugtelinge en siek mense is agtergelaat. Die 10 stamme word vandag nog die "10 verlore stamme" genoem, want hulle het nooit teruggekom uit Assirië nie. *(Sorg dat daar net h paar boksies of blokkies van die "muur" oorbly wanneer die vertelling tot hier gevorder het.)* Assirië is later verower deur Babel wat weer verower is deur die Perse.

(Breek nou die "muur" wat die Suidelike ryk voorstel, ook af.)

Die Suidelike ryk is in 587 vC verslaan deur die Babiloniërs onder leiding van hulle koning, Nebukadnesar. Hulle is weggeneem na Babel toe. In die volgende paar ontmoetings gaan ons hoor wat met hulle in ballingskap gebeur het. Na 70 jaar is die Suidelike ryk toegelaat om terug te keer na Jerusalem toe en hulle kon die stad herbou. Hiervan gaan ons later meer hoor.

(Sorg dat daar van die ander "muur" ook net h paar boksies of blokkies oorbly op hierdie stadium.)

Om in ballingskap weggevoer te word, is 'n verskriklike ding. Die naaste wat ons aan so 'n ervaring kan kom, is as ons deur 'n onderwyser of ouer beveel word om in die badkamer of 'n "naughty corner" te gaan sit. Niemand mag by jou wees nie, jy is heeltemal alleen en jy voel so sleg oor jousef.

Vra vir die kinders wie van hulle moes al alleen in die badkamer of "naughty corner" gaan sit omdat hulle stout was. Dink weer hoe 'n mens voel. Gelukkig kan 'n mens weer uitkom!

In hierdie tyd was dit vir die kinders baie belangrik om te weet wie hulle eintlik was, veral die kinders wat in die nuwe land gebore is. Die ouers het daarom 'n Bybelvers vir hulle kinders geleer. Dit word die "Shema" genoem. Dit klink so: "Shema Yisrael Adonai Elohim Adonai echad." Dit beteken: "Luister, Israel, die Here is God, die Here is Een." Dit staan ook in ons Bybel in Deut. 6: 4 – "Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here."

Die Shema is vir die Joodse kinders van kleintyd af geleer en hulle het dit oor en oor gebid. As ons op slegte plekke is, kan ons ook vir ons 'n rympie kry wat ons kan help onthou wie ons is en Wie s' n ons is.

Leer gerus hierdie weergawe van Johannes 10: "Jesus is my Herder; ek is Syne; niks of niemand kan my uit Sy hand ruk nie."

Laat die kinders dit oor en oor opsê totdat hulle dit goed ken.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe voel dit om h slaaf te wees.
2. Ek wonder hoe voel jy as jy uitgestoot word.
3. Ek wonder hoe voel dit as jy weet niemand gaan jou help om uit die moeilikheid te kom nie.
4. Ek wonder met wie sou jy graag wil praat as jy alleen en eenkant voel.



Werskaf

- Gee vir die kinders papier en kryte en laat hulle mense teken wat in h vreemde plek of tronk is. Gebruik strokies papier vir die tronk.
- Gee vir elkeen een van die twee teksverse op harde karton. Laat hulle dit mooi maak en versier om huis toe te neem.
- Maak 'n legkaart met die kaart en laat die kinders dit weer bou. Kyk of hulle vir Babel kry. Wys ook waar is Jerusalem vanwaar hulle ontvoer is.

Gebedstyd:

"Here, help my om te onthou dat ek altyd aan U behoort, selfs al gebeur die slegste goed met my."

Shema Yisrael
 Adonai Elohim
 Adonai echad.

Jesus is my Herder; ek is Syne; niks of
 niemand kan my uit Sy hand ruk nie.

